**1 APRIL** **SKRIFGEDEELTE: MARKUS 1:32-39**
**FOKUSGEDEELTE : MARKUS 1:35**

## Om alleen en persoonlik met God in gebed om te gaan

Jesus het gebid. Alleen. Na `n besige sabbatdag en -aand het Hy in die donker van die volgende more opgestaan, buitentoe na `n eensame plek toe gegaan en daar gebid. Dit was nie die uitsondering nie, maar die reël. Keer op keer het dit gebeur (Mark. 6:46; 14:32; Luk. 6:12; 9:18). Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid. Wat openbaar die Here hierin aan ons?

Om te bid, is belangrik. Vir Jesus was dit belangrik. Bid was deel van sy werk. Hy het nie net gepreek, siekes gesond gemaak en bose geeste uitgedryf nie, Hy het ook gebid. As Profeet (wat gepreek het), as Koning (wat siekes gesond gemaak het) en as Priester (wat gebid het) het Hy die koninkryk van God kom oprig. In dié koninkryk en in die oprigting daarvan is gebed onmisbaar. So wys die Koning ons, so leer Hy ons en so gebied Hy ons (Mark. 11:24-25; 14:38).

Om alleen te bid, is belangrik. Op `n eensame plek, weg van die gedrang van mense af het Jesus gaan bid. Innige, persoonlike gebedsomgang met sy Vader is vir Hom, die Seun van God, belangrik. Vir elke kind van God is persoonlike gebedsomgang met Hom onontbeerlik. So wys die Seun van God ons, so leer Hy ons en so gebied Hy ons (Matt. 6:5-13). Hoe besiger die lewe raak, hoe belangriker is dit vir God se kinders om alleen en persoonlik met Hom in gebed om te gaan. `n Besige dag in die koninkryk kan nie anders begin of afgesluit word nie! Dan doen ons soos Hy, en sal ons soos Hy doen wat ons moet doen (Mark. 1:38-39).

*Sing: Skrifberyming 5-4:2 en 10-2* *Ds Frederik Dreyer (Noordrand)*